

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
16 Julie 1978

Onderwerp: As God nie uitkoms gee nie

Lees: Daniël 3 verse 13 tot 30

Teks: Daniël 3 vers 18

Sing: Psalm 147 verse 1 en 7
Gesang 7 vers 4

“Broers en Susters, as kind luister ’n mens met ander ore na Bybelse verhale as wanneer ons ouer word en die lewe ons al so ’n bietjie gebrei het. Só is dit ook met die verklaring van ons teks, wat gaan oor ’n groot fees in die dal van Dura.

“Hierdie verhaal kan beslis onder die beste verhale ter wêreld gereken word om kinders te boei en die jeugdige se sin vir reg en geregtigheid te bevredig.

“Stel u voor ’n groot skare wat in hierdie dal byeengebring is. Opsigtelik staan die goue beeld wat Nebukadnésar laat oprig het. Plotseling neem die orkeslede hulle instrumente en gee die teken. Toe hulle begin speel, sak duisende soos een op hulle knieë voor die beeld neer en op tipiese goddelike wyse buig hulle eerbiedig hul hoofde totdat hulle koppe die grond raak. Daar lê almal plat op die grond in aanbidding voor die kolossale goue beeld. Almal behalwe drie wat tussen al die duisende dit durf waag het om nie te buig nie.

“Dit is drie Joodse manne. Drie jongmanne wat hulle man kon staan; wat die moed van hul oortuiging gehad het om nie saam te speel in hierdie heidense afgods drama nie. Want dit was inderwaarheid wat hier aan die gang was. Dit was nie maar ’n gewone onskuldige volksfees nie. Dit was ’n godsdiens drama waarin die gode van die natuur vereer moes word. Aan hierdie heidense seremonie het die drie Joodse jongmanne geweier om deel te hê. Kom wat wil.

“Nou kan ’n mens seker nie glo dat hierdie drie die enigste Jode op daardie fees was nie. In daardie tyd was daar immers duisende Joodse ballinge in Babel en baie van hulle het sekerlik hierdie fees bygewoon. Maar Broers en Susters, hulle was seker van daardie tipe wat moeilikheid ten alle koste vermy. Seker ook

geredeneer soos so baie ander: as 'n mens in Rome is, dan maak jy soos die Romeine.

“Ons ken dit almal. By die huis aan tafel bid jy voor ete, maar by vreemdes, wat dit nie meer doen nie, of in 'n hotel, val jy ook sommer weg, of doen jy maar net 'n oopoog gebedjie.

“Hierdie drie was nie daardie soort nie. Hulle weier beslis om soos die ander te wees en dit kom hulle duur te staan. Dit laat hulle in die vuuroond beland. Maar selfs dit keer hulle nie. Hulle wil selfs nie 'n tweede kans benut om aan die wrede dood te ontsnap nie. Hulle gaan liewers na God in die vuur. En Broers en Susters, God stel hulle nie teleur nie. Hy gaan saam met hulle die vuur in en sorg dat hulle behoue daaruit kom.

“Wat 'n dramatiese gebeurtenis. Dit gee 'n nuwe wending aan die fees, want alle aandag is nou op hierdie drie manne gerig. Niemand dink meer aan die goue beeld nie.

“Kinders het geen probleem met die wonder wat hier gebeur het nie. Vir 'n kind is hoe wonderliker, hoe mooier. Maar as 'n mens ouer word, word dit anders. Nie dat ons nie meer in wonders glo nie. Nee, die probleem lê nie soseer by die wonder van hierdie verhaal nie. Dit lê op 'n ander vlak, 'n vlak wat jy eers ontdek as jy 'n bietjie meer in die lewe rondgekyk het. Dié lewe wat ons leer dat God nie altyd sy kinders uitred nie, maar dat Hy hulle dikwels in die vuuroond laat beland.

“Die twintigste eeuse mens ken hierdie dinge. Ons eeu is een van terrorisme, massamoord, doodslag en konsentrasiekampe. Die horison van die geskiedenis was nog nooit so rooi van die bloed gewees as in ons tyd nie. En dit is hierdie ondervindings wat ons hierdie verhaal met ander oë laat sien as dié van 'n kind. Maar dit laat ons dan somtyds ook ander aspekte ontdek waarby ons vroeër dalk verbygelees het.

“In ons teksverklaring is daar ook so 'n vergete maar belangrike aspek. Dit lê in die drie woorde van daardie manne aan Nebukadnésar as God hulle nie sou red nie: ‘... maar so nie...’

“Wanneer hierdie drie manne voor die koning gesleep word, word hulle nóg 'n kans gegee, maar dan voeg die koning dreigend daaraan toe: ‘... maar as julle nie aanbid nie, sal julle oombliklik binne-in die brandende vuuroond gegooi word’ en smalend vra die koning aan hulle: ‘en wie is die God wat julle uit my hand kan verlos?’ (Dan 3:15)

“Daarop antwoord hierdie drie die koning en sê: ‘As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.’ (Dan 3:17,18)

“Dit is voorwaar heldetaal hierdie. Dit is geloofsvertroue. Die HERE kan verlos en as Hy wil sal Hy ook verlos en daarop waag hulle dit.

“Dit is ’n geloofslied hierdie waarby ons graag wil inval, veral in tye wanneer die nood druk en die gevare dreig. En tog moet ons nie dink dat dit die hoogste lied is wat die geloof kan sing nie. Nee, die volle sterkte van die lied klink eers in die woorde van ons teks: ‘...maar so nie...’ Met ander woorde die God wat ons dien, kan ons red, maar ook as hy ons nie red nie, maar ons in die vuuroond laat omkom: ‘laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.’

“Hier klink die suiwerste noot van die geloofslied. Hier word die klimaks van die ware geloofsvertroue bereik.

“Dit is natuurlik pragtig as ons vir ons vaste vertroue op God se uitredding, genesing en hulp kan sing. Maar wat gebeur as Hy ons regtig in die vuuroond laat warm en benoud word, of selfs laat omkom? Wat maak ons as God nie ons gebede verhoor en aan ons uitkoms en uitredding gee nie? Dit is dan dat sommige se geloofslied verstar. Daardie soort krisisse het al van baie Christene, Christene sonder ’n lied gemaak. Christene wat nie meer weet wat hulle van hulle God moet dink nie. En soms hulle rug op God keer omdat Hy nie uitgehelp het nie.

“U sal verbaas wees hoeveel kerkmense in so ’n verhouding tot God lewe: Here ons sal U loof en prys, maar dan moet U van U kant inval met dit wat ons dink die beste vir ons is. As ons siek is, moet U ons gesond maak. As daar oorlog kom, moet U ons laat wen. As daar droogte kom, moet U reën gee as ons ’n biddag daarvoor hou.

“En as God dan nie so doen nie en Hom nie by ons planne aanpas nie, dan word ons Christene wat nie meer ’n goeie woord vir God kan sê nie. Dan word ons stille berusters - ons sal maar sien gelowiges.

“So was hierdie drie jongmanne nie. Hulle het presies geweet wat hulle verhouding tot God was. Hulle sou nooit aan God voorskryf in krisis situasies nie.

Hulle het so hoog en goed van God gedink dat hulle alles in sy hande gelaat het. Wat God doen is welgedaan. Daarop waag hulle dit in die vuur. Hulle was soos Job wat gesê het: “Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.’ (Job 19:25)

“Dit is suiwer geloofstaal. Die geheim van hierdie ewigheidsgewortelde geloofsverhouding met God lê daarin dat ons daardie onsigbare liefdesbedoelinge van God leer liefkry en bo alles vertrou.

“Met só ’n geloof kan ’n mens dan letterlik niks meer oorkom nie. Jy is dan op alles voorberei. So ’n geloof maak van ons nie passiewe, berustende, afwagende Christene nie. Dit maak van ons gelowiges met ’n positiewe lewensuitkyk. Mense uit wie se oë iets straal van ewigheidsrus. Mense wat weet dat hulle op rots gebou het. Rots wat vas bly staan onder die hewigste storms.

“Miskien vra u of dit werklik moontlik is? Ja, dit is! Daar is mense wat in die smeltkroes van die lewe, van siekte en pyn, van verlies en rou, van onreg en verguising, wonderlik gelouter is en anderkant uitgekom het met ’n dieper en vaster vertrou op God se liefde en goedheid.

“Dit is moontlik. Maar dan moet ons nie tevrede bly met ’n oppervlakkige Christelike vernislagie oor ons lewens nie.

“Vir só ’n onwrikbare geloof moet ons lewe verbind bly aan Jesus Christus, die Man van Smarte, wat tot die einde gebid het: ‘My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.’ (Matt 26:39)

“Vir hulle wat weet dat hulle vir tyd en ewigheid aan Jesus Christus verbind is, is dit wat God doen altyd goed gedoen, in die vuuroid of daarbuite.

“Amen.”